# NOTULE / BESLUITELYS

## LANDELIKE VEILIGHEID

**DATUM:** 26 FEBRUARIE 2015
**TYD:** 09:00
**PLEK:** NWK OPLEIDINGSENTRUM, LICHTENBURG

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| 1. | **OPENING**<br>Die Voorsitter Mnr Sarel Pretorius open die vergadering met skriflesing en gebed. | | | |
| 2. | **VERWELKOMING**<br>Die Voorsitter verwelkom alle lede maar in besonder vir:<br>Lt. Kolonel F Ferreira: SAPD<br>Mnr Kobus Visser: Agri SA | | | |
| 3. | **ORDEREËLINGS**<br>Tee sal 11:00 bedien word. | | | |
| 4. | **PERSONALIA EN MOSIES**<br>GEEN. | | | |
| 5. | **PRESENSIE EN VERSKONINGS**<br>Die Presensielys is op aanvraag by die Hoofkantoor beskikbaar. | | | |
| 6.<br>6.1 | **FINALISERING VAN DIE SAKELYS - AANVULLENDE SAKE: PUNT 13**<br>**FUNKSIONERING VAN POLISIESTASIES** | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| 7. | **NOTULE / BESLUITELYS VAN VORIGE VERGADERING: 2014-02-17**<br>Die Notule / Besluitelys word op voorstel van mnr Johan van Niekerk en gesekondeer deur mnr Thys Pienaar eenparig goedgekeur. | | | |
| 8. | **AGRI SA LANDELIKE VEILIGHEIDSBENADERING: DIE LANDELIKE VEILIG- HEIDSPLAN EN DIE BELANG EN ROL VAN SELFHELP INISIATIEWE IN GEMEENSKAPSVERBAND**<br>**PERSEPSIE OPNAME**<br>• Landswyd 1433 respondent<br>• Belangrikste uitdagings vir produsente<br>➢ Grondhervorming<br>➢ Hoë insetkoste<br>➢ Misdaad / Landelike Veiligheid<br>➢ Gebrek aan ondersteuning deur regering<br>➢ Ekonomiese onsekerheid<br><br>• 16,8 % respondent misdaad as belangrikste uitdaging geïdentifiseer<br>• 56,1 % Agri SA maak positiewe impak op wetgewing en beleid<br>• Opname wys op belangrikheid van misdaad en hantering deur Agri SA en Agri Noordwes<br><br>**LANDELIKE BEVEILIGINGSTRATEGIE**<br>• Agtergrond<br>➢ Kommando eenhede verantwoordelik vir huis en haard beskerming<br>➢ Strategiese landbouplan voorsiening vir kommando's gemaak<br>➢ 2003 President kondig uitfassering van kommandostelsel aan<br>➢ Polisie word getaak om kommandofunksie oor te neem<br>➢ "d"Groep reserviste uitgefasseer<br>➢ Landelike Beveiligingsplan word hersien<br>• Doelwitte van Landelike Beveiligingstrategie<br>➢ Bevorder dienslewering<br>➢ Verhoog polisie sigbaarheid<br>➢ Verhoog polisie reaksietyd | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | ➢ Bevorder effektiewe polisiering<br>➢ Beskerm die kwesbares, byvoorbeeld vroue en kinders<br>➢ Bevorder veiligheidsbewustheid<br>➢ Ondersteun landelike ontwikkeling<br>➢ Bevorder samewerking en vestiging van vennootskappe<br>➢ Bevorder kommunikasie en verhoudinge<br>➢ Bevorder ondersoeke en skuldigbevindings | | | |

**MISDAADVOORKOMINGS AKSIES**

| AKSIE | 2013/2014 | APRIL - DESEMBER |
|---|---|---|
| Bloulig patrollies | 73 497 | 47 747 |
| Besoeke aan veeposte | 9 901 | 56 956 |
| Plaasbesoeke | 111 614 | 56 956 |
| Voertuig patrollies | 86 372 | 51 951 |
| Slaghuise besoek | 41 975 | 2 348 |
| Veediefstal operasies | 438 | 141 |

- Strategie maak voorsiening vir:
  - ➢ Implementering van protokol vir plaastoegang
  - ➢ Stig van 'n Sub-GPF
  - ➢ Reserviste
  - ➢ Hersiening van Strategie elke 4 jaar

<table>
<tr><th>ITEM</th><th>BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE</th><th>UITVOERING</th><th>TEIKEN-DATUM</th><th>OPMERKINGS</th></tr>
<tr><td></td><td>

**RESERVISTE BELEID**

- Werwing jaarliks: Junie en Oktober
  - ➢ Volgens polisie se operasionele behoefte
  - ➢ Gemeenskap deur GPF betrek by werwing en identifisering van geskikte persone
  - ➢ Doen aansoek by plaaslike polisiestasie

- Eerste 80 reserviste gewerf
  - ➢ Toets van stelsel en prosesse
  - ➢ Opleiding einde Maart

**NUWE RESERVISTE STELSEL**

- Aanwending
  - ➢ Binne sektor woonagtig
  - ➢ Kan elders aangewend word, slegs met NASKOM goedkeuring
  - ➢ Onder bevel van permanente lid
  - ➢ 16 Ure vrywillige diens per maand
  - ➢ Vrywillig sonder vergoeding

- Beskik oor volle polisiemagte wanneer aan diens
- Voorgestelde identifikasie kentekens






</td><td></td><td></td><td></td></tr>
</table>

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | **Uniform**<br>➢ Selfde polisie uniform<br>➢ Beskermende klere<br><br>• **Range**<br>➢ Bestaande range behou<br>➢ Geen range vir nuwe aanstellings<br>• **Keuring**<br>• **Vuurwapens**<br>• **Opleiding**<br>➢ Teorie – afstandsonderrig<br>➢ Prakties – opleiding sentrum<br>- onderhandel tydperke op provinsiale vlak<br>• **Aandiens stelling volgens reëling met stasiebevelvoerder**<br>• **Dekking aan diens**<br>➢ Mediese dekking indien besering aan diens<br>➢ Vergoeding weens besering of dood aan diens<br>➢ Begrafniskoste in dien aan diens gedood<br><br>**RESERVISTE KATEGORIEë**<br>• **Funksionele polisiering**<br>➢ Algemene polisieringsfunksies<br>➢ Funksioneer onder permanente lid<br>➢ Doen diens in gemeenskapsentrum<br>• **Gespesialiseerde funksionele polisiering**<br>➢ Aanwending van reserviste met gespesialiseerde kennis byvoorbeeld vlieëniers, beraders ensovoorts<br><br>**KRITERIA**<br>• Moet SA burger wees<br>• Tussen 25 en 40 jaar<br>• Diens beëindig op 60 jaar<br>• Moet medies, geestelik en fisiek gesond wees<br>• Moet permanent in diens wees | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | • Moet bewys van woonadres kan lewer<br>• Moet ten minste oor 'n Graad 12 kwalifikasie beskik<br>• Moet 'n bestuurderslisensie hê<br>• Mag nie 'n kriminele rekord hê nie<br>• Moet 'n amptelike eed aflê<br>• Moet opleiding ondergaan<br><br>**AANWENDING VAN RESERVISTE**<br>• Sigbare polisieringspatrollies<br>• Hanteer klagtes in sektor<br>• Misdaad ondersoeke<br>• Stop- en deursoek aksies<br>• Plaasbesoeke<br>• Misdaadvoorkomingsoperasies<br>• Inligting insameling<br>• Padblokkades<br>• Reageer ter ondersteuning van permanente lede<br>• Rampbestuur ondersteuning<br>• Huis- en haard aktiwiteite<br><br>**PROTOKOL VIR PLAAS TOEGANG**<br>• **Bestek**<br>➢ Landelike Beveiligingstrategie voorsien implementering<br>➢ In Mei 2002 deur polisie aanvaar<br>➢ Maak voorsiening vir optrede in operasionele zone<br>➢ Poog om onwettige betreding te beperk<br><br>• **Kategorieë**<br>➢ **Sekuriteitsdienste:** polisie, weermag<br>➢ Vooraf afspraak – behalwe waar person onderwerp van ondersoek is<br>➢ Duidelik identifiseerbaar<br>➢ Grondeienaars onderneem om saam te werk<br><br>**Persone met statutêre bevoegdheid** – verskeie | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | ➢ departemente en Stats SA<br>➢ Vooraf afspraak<br>➢ Duidelik identifiseerbaar<br>➢ **Privaat persone met statutêre bevoedheid**<br>➢ Sluit persone in gevolge bepalings van Wet op Verblyfsekerheid in<br>➢ Vooraf afspraak<br>➢ Gebruik ooreengekome roete<br>➢ Spesifieke bepaling oor duurte van besoek<br>➢ Mag geen ander aktiwiteite uitvoer<br>➢ **Persone sonder statutêre bevoegdheid**<br>➢ Sluit in navorsers, politici, vakbondorganiseerders<br><br>• **Besoeke aan grafte**<br>➢ Familielede<br>➢ Vooraf afspraak, geskrewe toestemming en gebruik vooraf bepaalde roete<br>➢ Reëlings moet vir beide partye billik wees<br><br>• **Besoeke aan plase in operasionele zone**<br>➢ Sluit in weermag, polisie, regeringsamptenare, kontrakteurs, privaat persone<br>➢ Vooraf reëling om toegang te vergemaklik<br>➢ Amptelike voertuie moet maklik identifiseerbaar wees<br>➢ Grondeienaars onderneem om saam te werk<br><br>• **Kennisgewing bord**<br><br>**BETREDING / GRONDBESETTING**<br>• Landelike Beveiligingstrategie Implementeringsriglyne<br>• Polisie Instruksie<br><br>**AFRIFORUM OOREENKOMS**<br>• Erken beide Agri SA en AfriForum se rolle | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | • Onderneem om nie mededingende veiligheidstrukture te vestig nie<br>• Gemeenskaplike probleem deur Voorsittersforum hanteer<br>• AfriForum om Agri SA in te lig oor veiligheidsinisiatiewe<br><br>**KAPSTOKKE**<br>• Landelike Beveiligingstrategie kapstok vir landelike misdaad-bekamping<br>• Wat kan boereverenigings doen?<br>➢ Bevorder vennootskap en samewerking met plaaslike polisie<br>- Prioriteitskomitees<br>➢ Raak betrokke by Reservistestelsel<br>➢ Vestig plaaswagstelsel<br>➢ Vestig sub-gemeenskapspolisieringsforum<br>➢ Effektiewe toepassing van protokol vir plaastoegang<br>➢ Deurlopende misdaad rapportering<br>- Ernstige geweldsmisdade by 218 stasis<br>- 2010/2011 – 711 315<br>- 2011/2012 – 540 050<br>- 2013/2014 – 416 439 | | | |
| 9.<br><br><br>9.1 | **PRAKTIESE IMPLEMENTERING VAN 'N SELFHELP LANDELIKE VEILIGHEIDS-PLAN VIR INDIVIDUE, GESINNE EN DIE PLAASLIKE GEMEENSKAP**<br>**PRAKTIESE IMPLEMENTERINGSPLAN MET RIGLYNE EN GEBEURLIKHEIDSBEPLANNING (ALARM MAAK, PLAASAANVAL ALGEMENE DIEFSTAL OF VEEDIEFSTAL, BRANDBESTRYDING, HANTERING EN OPTREDE IN DIE GEVAL VAN ONREGMATIGE BESETTING VAN GROND ASOOK ARBEIDSONRUS OP PLASE)**<br>Gebeurlikheidsplan:<br>➢ Onmiddellike omgewing:<br>• Het u familie ŉ gebeurlikheidsplan sou daar ŉ bedreiging kom:<br>• ŉ sekere kamer waar julle bymekaar kom?<br>• Wat doen jou familie as jy buite aangeval word?<br>• Weet u gesin waar en hoe om ŉ vuurwapen te kry en te gebruik?<br>• Kan u kinders ŉ voertuig bestuur?<br>• Het u hulpmiddels in die huis versprei bv ŉ selfoon wat vol gelaai is en nie maklik opgespoor kan word nie, ŉ skerp voorwerp om u te | Lede | Deurlopend | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | bevry?<br>• Werk jou radio of ander kommunikasie middels?<br>• Is daar voldoende beveiliging in en om u huis?<br>• Wat doen wie as ’n bedreiging vroegtydig identifiseer word?<br>• Is daar voldoende beligting buite die huis?<br>• Ken u familie die noodnommers, bure se nommers of die plaaswag se nommer?<br>• Hoe lyk dit rondom u huis, is dit bebos en bied dit skuiling vir misdadigers?<br>• Word daar handel gedryf van u perseel af en hou u groot bedrae op u perseel?<br><br>➢ Breër gemeenskap:<br>Hoe vestig en orden ons ’n gemeenskap in ’n veiligheidsstruktuur?<br>• Die gemeenskap word ingelig wat die bedreiging is waarteen gewaak moet word en dat daar slegs deur ’n gesamentlike veiligheidsstruktuur, daar te stel en deur almal se samewerking, kan die bedreiging aangespreek word.<br>• Reël ’n vergadering wat alle gemeenskapslede insluit en verduidelik die veiligheidskonsep aan die gemeenskap.<br>• Verkies ’n kern beplanningskomitee.<br>• Maak ’n gebiedswaardering met ’n tentatiewe plan hoe dit moontlik gaan wees om die gebied te domineer en identifiseer watter kundigheid binne die gemeenskap opgesluit lê vir die nodige aanwending binne die veiligheidsplan. Bv. Medies, vlieëniers, vliegtuie en aanloopbane.<br>• Lig die gemeenskap in en laat deelname toe ten einde die beste werkbare plan daar te stel.<br>• Stel die gemeenskap in kennis van die finale beplanning en wat elkeen se rol daarin is.<br>• Elke omgewing gaan hom afsonderlik skik na gelang van unieke omstandighede.<br>• Kry behoorlike kundig bevelstruktuur.<br>• Beplande opleiding.<br>• Beplande radio en telefoonnetwerke. | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | • Patrollerings stelsel.<br>• Paraat maak en inoefening van veiligheidsplan.<br>• Indien moontlik 'n befondsing model weens koste verbonde aan so model.<br>• Sou daar 'n voorval wees, moet daar 'n sentrale plek wees waarvan die operasie gekoördineer word.<br>• Nabetragting op gereelde basis om sodoende die bedryfsprosedure te ontwikkeling om die gemeenskap so bes moontlik te bedien.<br>• Ken u veiligheidsmag lede en SAPD lede binne u gebied, identifiseer en bevriend die presteerders.<br>• Wees op hoogte van u aangrensende veiligheidsstrukture se bevel en beheer, verkry kontakbesonderhede om sodoende 'n groter gebied te kan domineer en hulp te verleen waar nodig.<br>• Waak daar teen om u gebied te groot en te lomp te maak eerder meer en aktiewer strukture.<br>• Patrollie datums moenie rondlê nie.<br><br>Agri Hartbeesfontein: Gebeurlikheidsplan ingeval van 'n plaasaanval of moord: Mnr André Killian<br>• Die hele gemeenskap moet weet hoe om te reageer.<br>• Die mense naaste aan die toneel moet onmiddellike na die toneel gaan en hulp verleen, inligting deurgee en alarm maak.<br>• Volgende groep moet die situasie beman op die toneel en seker maak dat die regte persone toegelaat word op die toneel bv Polisie en Ambulans.<br>• Alle ander gemeenskapslede moet dan na hulle hekke beweeg en die inligting opvolg wat deurkom, voertuie wat beweeg en verdagtes identifiseer.<br><br>Agri Wolmaransstad: Alarm maak ingeval van 'n plaasaanval of moord: Mnr Japie Venter<br>• Leeudoringstad het 'n paniekknoppie wat 'n sms sein deurstuur na agt selfone. | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| a. | **<u>BESLUIT:</u>**<br>Affiliasies moet hulle geskrewe gebeurlikheidsplan deurgee aan Agri NW-Hoofkantoor sodat 'n gekonsolideerde gebeurlikheidsplan opgestel kan word. | Affiliasies | So spoedig as moontlik | |
| 9.2 | **RAPPORTERING VAN MISDAAD EN HOU VAN ' N GELOOFWAARDIGE PAPIERSPOOR VAN MISDAAD GEBEURE MET DIE OOG OP BEWYSLEWERING**<br>Dokumentasie vir kennisname aan vergadering gegee. | | | |
| 9.3 | **STRAFREGTELIKE AANGELEENTHEDE EN SLAGOFFER-BEMAGTIGING**<br>Dokumentasie vir kennisname aan vergadering gegee. | | | |
| 9.4 | **RADIO KOMMUNIKASIE IN LANDELIKE VEILIGHEID**<br>Mnr Vorster van Vertel *Two – Way Radio* lig die vergadering in oor radio sisteme en die regmaak en gebruik van ou radio's.<br><br>Mnr Vorster kan gekontak word vir enige kwotasies of herstel van ou radio's:<br><br>**Mnr Riaan Vorster**<br>**Tel.: 014 597 2042 / 5**<br>**Faks: 014 597 2049**<br>**E-pos: riaanv@vertel.co.za** | | | |
| 9.5 | **MYBOLO – SELFOON GEBASEERDE VEILIGHEIDSNETWERK**<br>Mybolo is 'n gratis *App* wat afgelaai kan word op jou selfoon of rekenaar. Die stelsel kan gebruik word om alle misdrywe te "pot" en sodoende inligting te versamel waar die meeste misdrywe plaasvind in jou gebied. Gebiede se patrollie stelsel kan deur middel van die *App* op whatsapp gelaai word en sodoende kan daar met die persone wat patrollie ry gekommunikeer word.<br><br>Persone wat belangstel in die netwerk kan mnr Sarel Pretorius kontak. | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| 9.6 | **PROTOKOL VIR TOEGANG TOT PLASE**<br>Protokol is aan die vergadering beskikbaar gestel en is ook op Agri NW se Web beskikbaar. Protokol Borde is op bestelling by Agri NW-Hoofkantoor beskikbaar by mev Marlize Fritz. | | | |
| 9.7 | **TRAUMA OPLEIDING EN BERADING**<br>Trauma berading is beskikbaar deur die Agri Securitas Fonds, berading word deur Dr Frans Minnie aangebied. Reëlings kan getref word deur Agri NW-Hoofkantoor indien nodig. | | | |
| 9.8 | **AGRI SECURITAS TRUST FONDS**<br>Prosedure reëlings vir aansoeke is aan vergadering gegee.<br><br>• Volgende projekte in Noordwes reeds goedgekeur:<br>➢ Delareyville Beheerkamer<br>➢ Vryburg Boerevereniging<br>➢ Hartbeesfontein Boerevereniging<br>➢ Agri Marico Bosveld<br><br>NWK / Agri Securitas gholfdag: 9 Junie 2015 Rustenburg | | | |
| 9.9 | **CRISISONCALL DIENSTE**<br>Dokumentasie is aan vergadering gegee. | | | |
| 9.10 | **GESINSBESKERMINGSVERSEKERINGSPLAN**<br>Dokumentasie is aan vergadering gegee en hul word versoek om die Plan te ondersteun. | | | |
| 10. | **AGRI NW LANDELIKE VEILIGHEID: DOELWITTE 2015**<br>▪ Bemagtiging van en leiding aan Veiligheidsverteenwoordigers vir die praktiese implementering van ŉ selfhelp Veiligheidsplan vir individue, gesinne en die plaaslike gemeenskap.<br>▪ Die aanbied van bemagtigende werkswinkels in samewerking met die SAPD om kollektiewe en gekoördineerde samewerking en optrede te verseker vir die doelmatige en effektiewe implementering van die Landelike Veiligheidsplan in al sy fasette. | Agri NW | Deurlopend | |
| 11. | **AGRI NW KONGRES VERSLAG: LANDELIKE VEILIGHEID**<br>Affiliasies neem kennis van die Kongresbesluite soos vervat in die Kongresverslag. | | | |
| 13. | **REORGANISASIE** | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| a. | **BESLUIT:**<br>Mnr André Strydom word verkies as Vise-Voorsitter. | | | |
| 13.<br>13.1 | **AANVULLENDE SAKE**<br>**FUNKSIONERING VAN POLISIESTASIES**<br>**AGRI BLOEMHOF: Mnr Daan Lottering**<br>➢ Het die twee plaas sektore opgedeel in nege kleiner seksies. Sewe aktiewe plaaswagte gestig en twee in die proses om gestig te word.<br>➢ Het 'n baie goeie kommunikasie sisteem.<br>➢ Baie goeie Landelike Veiligheidsplan.<br>➢ Het baie goeie kommunikasie met die SAPD stasie asook met die Bevelvoerder.<br>➢ Gereeld vergaderings met die aanklaer.<br>➢ Woon die justisie vergaderings by.<br>➢ Veediefstal is stil.<br>➢ Baie goeie sukses gehad met koperdiefstal.<br>➢ Skakel met alle omliggende omgewings.<br><br>**AGRI CHRISTIANA: Mnr Chris Faure**<br>➢ Wolmaransstad Cluster wat baie swak funksioneer.<br>➢ *Cluster Commander* woon nie vergaderings by nie.<br>➢ Het wel 'n baie bekwame speurafdeling.<br>➢ Daar is 'n geweldige probleem met kabeldiefstal.<br>➢ Het 'n baie aktiewe plaaswag teen die vaalrivier.<br>➢ Het baie goeie kommunikasie met die SK.<br><br>**AGRI DELAREYVILLE: Mnr Danie de Villiers**<br>➢ SAPD stasie is te klein om alles te hanteer.<br>➢ Het plaaswagte wat funksioneer op aanvraag van die SAPD asook 'n sekuriteitsmaatskappy wat patrollie ry.<br>➢ Het toerusting en voertuig probleme by die SAPD stasie.<br>➢ Sektorpolisiëring vind glad nie plaas nie.<br>➢ VIS word saam met die *Loc Joint* hanteer.<br><br>**AGRI HARTBEESFONTEIN: Mnr André Killian**<br>➢ Gaan relatief goed by Hartbeesfontein SAPD. | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | ➢ Het goeie kommunikasie met die bevel struktuur.<br>➢ Agri Hartbeesfontein doen ook moeite om te kommunikeer met die SAPD.<br>➢ Agri Hartbeesfontein het reeds reserviste wat patrollies ry asook 'n eie voertuig wat patrollies ry, daar is drie persone aangestel is en wat so 30 patrollies 'n maand ry. Elke lid word op gereelde basis besoek.<br>➢ Daar is ook 'n veiligheidsmaatskappy wat ontbied kan word indien daar 'n gebeurlikheid is, saam met dit is 'n ambulans diens asook 'n lugdiens.<br>➢ Baie aktiewe VIS.<br><br>**AGRI MAREETSANE: Mnr Louis Wessels**<br>➢ Val onder Setlagoli SAPD.<br>➢ Landelike Veiligheid vergaderings is al drie keer afgestel.<br>➢ Plaasbesoeke van die SPAD vind glad nie meer plaas nie.<br>➢ Plaaswagstelsel het doodgeloop maar het 'n aktiewe sms en whatsapp stelsel en beplan om die Plaaswagstelsel weer te begin.<br>➢ Wil graag weet of hulle onder die nuwe SAPD gaan val wat in Mareetsane gebou word.<br><br>**AGRI KLIPPAN: Mnr Naudé Pienaar**<br>➢ Baie effektiewe plaaswag stelsel.<br>➢ Swakste Polisiestasie in die land.<br>➢ Het 'n sup GPF gestig, maar die SAPD daag nie op nie.<br><br>**AGRI MOLOPO: Mnr Nicol Muller**<br>➢ *Cross Border* vergaderings tussen SA en Botswana. Die SAPD moet die vergadering aanbied, die vergadering moet 10:00 begin dan kom *Cluster Commander* 1 uur die middag by die vergadering aan.<br>➢ Voertuie is 'n probleem, Sektorpolisiëring funksioneer glad nie<br>➢ VIS Cluster Commander woon nie vergaderings by.<br>➢ Voorvalle word nie in die voorvalle boek geskryf nie.<br><br>**AGRI MARICO-BOSVELD: Mnr Jaco Pretorius**<br>➢ Baie groot probleme.<br>➢ Bevelvoerder sal se hulle gaan nie die saak vat nie want hulle is by | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | hulle teiken.<br>➢ Jong polisielede kry nie die opleiding wat hulle nodig het nie.<br>➢ VIS werk 100%.<br><br>**AGRI OTTOSDAL: Me Lizette Scholtz**<br>➢ Groot probleem met Ottosdal SAPD, hulle woon glad nie vergaderings by nie.<br>➢ Polisie lede wil ook nie saaknommers gee nie.<br>➢ Voertuie is 'n groot probleem, die telefone word nie geantwoord nie.<br>➢ Whatsapp groep wat gestig is indien daar 'n geval is waar ondersteuning nodig is.<br><br>**AGRI SETLAGOLE: Mnr Richard Hobson**<br>➢ Het 'n probleme met die Stasie Bevelvoerder, daar is wel 'n interne ondersoek teen die Bevelvoerder.<br>➢ Voertuie is 'n groot probleem.<br>➢ Is besig om die plaaswagstelsel weer te begin. Agri Setlagole probeer na iets uniek kyk vir die plaaswagstelsel.<br><br>**AGRI SOETDORING: Mnr Konrad Schulenburg**<br>➢ Skakeling met die SAPD is nie goed nie, sukkel met die Stasie Bevelvoerder.<br>➢ Plaaswag stelsels is besig om van die grond af te kom. Het geen vergaderings met die SAPD nie.<br><br>**AGRI WOLMARANSSTAD: Mnr Japie Venter**<br>➢ Gaan redelik goed by die SAPD.<br>➢ Veediefstal was stil.<br>➢ Plaaswagstelsel werk baie goed.<br><br>**AGRI VRYBURG: Mnr Henk Bester**<br>➢ Hou drie maandelikse *Cluster* vergadering en elke maand *Loc Joint* vergaderings.<br>➢ Plaaswagte is baie aktief veral by Broedersput. | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | **AGRI ZEERUST: Mnr Johan van Niekerk**<br>➢ Groot probleem met SAPD Zeerust stasie se laat kom by vergaderings.<br>➢ Plaaswagpatrollies word nie gery op die stadium nie, aangesien die gebied meer ouer mense het. Gaan vergader met die gemeenskap en die patrollies weer laat begin ry.<br><br>**BESLUIT:** | | | |
| **a.** | Lt Kol sal sal verslag aan Agri NW-Hoofkantoor stuur. | Lt Kol Ferreira | So spoedig as moontlik | |
| **b.** | Alle klagtes moet op skrif aan Agri NW-Hoofkantoor gestuur word. | Affiliasies | | |
| **14.** | **DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING**<br>Vergadering sal geskied soos nodig | | | |
| **15.** | **BEDANKINGS**<br>Die Voorsitter Mnr Sarel Pretorius bedank alle lede teenwoordig by die vergadering vir hulle insette en belangstelling. | | | |
| **16.** | **AFSLUITING EN VERDAGING**<br>Agri NW President mnr Pierre Vercueil sluit die vergadering af met gebed. | | | |

.................................................................... ............................................... ....................................................................

**VOORSITTER** **DATUM** **SEKRETARIS**